

MEMORANDUM (Viseuele Teks / 20 Mei 2020)

1. Dit gaan oor Suid-Afrikaners se beplanning van vakansies en hoe hulle daarvoor betaal.
2. Australië
3. In die groen sirkel sê hulle dat ongeveer 75% van mense hulle vakansies beplan en nie sommer net op die ingewing van die oomblik besluit om met vakansie te gaan nie.
4. KwaZulu-Natal
5. Op die internet.
6. Een derde
7. N.a.v. antwoord
8. Vakansie by die see.
9. Hulle neem hulle gesinne, oupas, oumas, broers, susters, nefies, niggies, ens. saam.
10. Hotelle is soms baie duur, ens.
11. Vroulik is pienk en manlik is blou. Dit is nie te sê dat net vrouens van pienk hou nie, en dat net mans van blou hou nie.
12. Strandtoneel
13. 30%
14. Sambrele
15. Reistasse het deesdae almal wieletjies waarmee ons hulle kan rondtrek.

DIREKTE EN INDIREKTE REDE

Wanneer ons praat van direkte en indirekte rede, gaan dit oor wie besig is om te praat. As iemand se woorde, net soos hy of sy dit gesê het, weergegee word (met ander woorde, net so herhaal of neergeskryf word), praat ons van die direkte rede. Kyk na die onderstaande voorbeeld.

Jan het gesê: "Ek het gistermiddag 'n interessante advertensie in die koerant gesien."

Die gedeelte tussen die aanhalingstekens (" ") is die presiese woorde wat Jan gesê het. Niks is uitgelaat of bygevoeg nie. Die aanhalingstekens wys vir ons dat dit Jan se presiese woorde is.

Let ook op dat die tweede aanhalingsteken na die leesteken (komma, punt, vraagteken of uitroepeteken) kom.

As iemand anders nou oorvertel wat Jan gesê het, praat ons van die indirekte rede. Die betekenis van Jan se woorde word oorgedra, maar nie presies soos Jan dit gesê het nie. Kyk na die volgende voorbeeld.

Jan het gesê dat hy gistermiddag 'n interessante advertensie in die koerant gesien het.

Hier word nie aanhalingstekens gebruik nie en die *ek* van die direkte rede, word met 'n *hy* vervang, omdat iemand anders oorvertel wat Jan gesê het.

Die fasiliteerder sal verder verduidelik en enige vrae beantwoord.

Opdrag:

Skryf die volgende sinne in die indirekte rede:

1. Bongani vra: "Juffrou, help my asseblief met hierdie sinne."

2. Frans sê: "Ek het gister al my huiswerk voor drie-uur gedoen."
3. "Ek is nie vandag lus om skool toe te gaan nie," sê Peter.
4. Pappa sê: "Ek gaan vir ons 'n nuwe motor koop."

Skryf nou die volgende sinne in die direkte rede:

5. George het gesê dat hy moeg is om elke dag huis toe te loop.
6. Fatima sê dat sy baie sakgeld verdien by die restaurant waar sy die kinders besig hou.
7. Die hoof sê dat ons moet onthou dat die skool weer op 13 September begin.
8. My maat sê aanhoudend dat hy Desembermaand see toe gaan.